

DIE INVLOED VAN DIE GROOT TREK OP DIE SWART STAMME IN DIE NOORDE

J. P. F. Moolman

INHOUD

| | |
|---|----|
| VOORWOORD | 1 |
| 1. TOESTANDE NOORD VAN DIE ORANJERIVIER VOOR DIE GROOT TREK | 1 |
| 2. DIE TREKKERS SE AANSPRAAK OP GROND IN DIE NOORDE | 5 |
| 3. HERVESTIGING VAN DIE VERSWAKTE SWART STAMME | 8 |
| 4. DIE BLANKES SE GESINDHEID TEENOR DIE SWARTES | 11 |
| 5. OPSTANDIGHEID ONDER DIE SWARTES | 13 |
| 6. SENDELINGE SE INVLOED OP DIE SWARTES SE HOUDING TEENOR DIE BLANKES | 15 |
| 7. OPTREDE TEEN DIE OPSTANDIGE STAMME | 17 |
| 8. POGINGS OM DIE SWARTES IN BEDWANG TE HOU | 20 |
| 9. DIE BLANKES SE ONVERMOË OM HULLE BELEID RAKENDE DIE SWARTES EFFEKTIEF TOE TE PAS 24 | |
| SAMEVATTING | 27 |
| BRONNE | 30 |
| KAARTE..... | 35 |

VOORWOORD

Die kontak tussen Blank en Swart tydens die Groot Trek en vir etlike jare daarna, het 'n stryd van geen geringe omvang ontketen. Behalwe konflik met die Basoeto van Moshoeshoe wat in die sestigerjare tot drie oorloë gelei het, was die verhoudinge met die ander Swartes tussen die Oranje Vaalriviere, soos die Barolong van Moroka, vreedsaam. In Natal het die Trekkers wat na die Britse anneksasie nie onder Engelse bestuur wou staan nie, die gebied tussen die Buffels-en Bloedrivier van Mpande, Dingane se opvolger, vir 100 beeste geruil. Dié gebied is op 6 November 1859 deur middel van 'n proklamasie van die Transvaalse Volksraad by die Z.A.R. ingelyf. Daar gaan dus hiermee hoofsaaklik op die verhoudinge tussen die Blankes en die Swartes in die destydse Z.A.R. (Transvaal) gekonsentreer word.

Die Swartes met wie hulle in dié gebied in aanraking gekom het, het nie almal dieselfde houding teenoor hulle ingeneem nie. Van die stamme was nie geneë om onbepaald aan die Blankes se gesag ondergeskik te wees nie. Selfs dié wat die Blankes aanvanklik as hulle verlossers van en beskermhere teen die Ndebeles van Mzilikazi aanvaar het en bereid was om onder die Blanke regering se gesag te staan, het later opstandig en aggressief geraak. Namate sulke stamme, onder Blanke beheer, weer sterker geword en vuurwapens bekom het, het hulle hul vrees vir die Blankes verloor en met aanvalle op en plundertogte teen die Blankes begin.

Gedurende die sestigerjare van die negentiende eeu het dit ernsige afmetings aangeneem en het die Blankes werklik 'n stryd teen die Swart stamme in en om die Z.A.R. gehad. Die vraagstuk wat hieruit ontstaan het, was die grootste enkele probleem waarvoor die Blankes te staan gekom het. Die feite vervat in hierdie studie, is grootliks op primêre bronne, d.w.s. argivale bronne, gebaseer. Andersins is van verhandelinge en proefskrifte asook erkende akademiese joernale en tydgenootlike koerante, gebruik gemaak. Ten einde die voetnote nie te lywig te maak nie, is slegs die hoofbron en die spesifieke bladsy(e) daarin vermeld. Meer inligting oor die bronne, kan in die lys aan die einde van die studie gevind word.

HOOFSTUK I

TOESTANDE NOORD VAN DIE ORANJERIVIER VOOR DIE GROOT TREK

Die Transvaal of Z.A.R., soos die gebied aanvanklik bekend was, was byna ontvolk toe die Voortrekkers gedurende die dertigerjare van die 19de eeu daar ingetrek het. Dit was egter nie altyd so nie. Voor 1815 het 'n verskeidenheid Swart stamme die gebied bewoon. Hulle het toe 'n relatiewe vreedsame tydperk beleef.

Dié vreedsame tydperk is egter beëindig deur die *Difaqane*,¹ 'n tydperk van oorloë, rampe en hongersnood, wat ongeveer van 1815 tot 1830 geduur het.² Dié era in die geskiedenis van die Swart stamme van Suider-Afrika het begin toe die Zoeloe-opperhoof, Shaka, die stamme rondom hom aangeval het ten einde sy eie stam te versterk. Sodoende het hy een stam na die ander verslaan. Oorblyfsels van sodanige stamme is of by die Zoeloestam ingelyf, of het gevlug.³ Die vlugteling het op hulle beurt die stamme in die gebiede, tans bekend as die Oranje-Vrystaat en Transvaal, aangeval en verstrooi. So het die *Difaqane* ook daarheen versprei.

Van die eerste stamme wat as gevolg van die *Difaqane* noordwaarts oor die Vaalrivier gevlug het, was die Phuting, die Bafokeng en die Hlakoane. Aanvalle deur die Tlokwa (ook genoem Mantatse) op bogenoemde stamme, het hulle uit die Caledonvallei oor die Vaalrivier laat vlug.

Hierdie vlugtelinggroepe het op hulle beurt die Bahurutshe tussen die Apies-en Maricoriviere, die Bangwaketse, wes van die bolope van die Limpoporivier, asook die Barolong langs die Maloporivier aangeval. Hoewel die Phuting, Hlakoane en Bafokeng nie die stamme in Noordwes-Transvaal heeltemal uitgewis het nie,⁴ is dié deel van Transvaal geplunder en die stamme daar grootliks verswak.⁵

Die gebied noord van die Vaalrivier het daarna nog 'n tydperk van verwoesting en uitwissing beleef, die keer deur die Ndebele (Matabeles) van Mzilikazi.⁶ Hy het omstreeks 1821 van Shaka gevlug en 1 Die Nguni verwys na dié periode as die *Mfecane*.

2 M.C.E. Van Schoor: 'n Historiese oorsig van die ontstaan van die Bantoegebiede in Suid-Afrika (Triomf, nr. 3, p.15).

3 J.D. Omer-Cooper: *The Zulu Aftermath*, p. 33.

4 T. R.H. Davenport: *South Africa A Modern History*, p. 16.

5 Omer-Cooper: *The Zulu Aftermath*, p. 94.

6 F.J. Potgieter: Die vestiging van die Blanke in Transvaal, p. 15. hom met sy volgelingen in Oos-Transvaal by Eku-Pumeleni (die rusplek), langs die bolope van die Olifantsrivier, gaan vestig. Van sy hoofkwartier het Mzilikazi sy regimente op talryke strooptogte uitgestuur. Hulle het die krale van die Noord-Sotho verwoes, groot hoeveelhede van hulle vee buitgemaak en hulle vroue en kinders gevange geneem om die Ndebelestam te versterk. Hoewel die Noord-Sotho swaar verliese gelei het, het hulle algehele uitwissing vrygespring deur na die bergagtige dele van Oos-Transvaal te vlug. Vanuit hulle bergvestings kon hulle die Ndebeleanvalle suksesvol afslaan.⁷

Uit vrees vir wraak aanvalle deur Shaka se regimente, het die Ndebele in 1825 na die sentrale dele van Transvaal verhuis waar hulle hul naby die huidige Pretoria gaan vestig het. Dié dele het in daardie stadium 'n relatief digte bevolking gehad, bestaande meestal uit Bakwena.⁸ Prof. Omer-Cooper skryf hieroor: "The Ndebele regiments devastated the central and northern Transvaal... The population of large areas was virtually exterminated".⁹

Omstreeks 1827-1828 het die Zoeloes onder Ndhlela, vir Mzilikazi in sy nuwe skuilplek aangeval. Hy en sy Ndebele het toe tot by Marico, in die weste, teruggeval waar hulle die Bahurutshe uit die Mosegakom verdryf het. Daarna het hulle die Bangwaketse aangeval en hulle gebied wes van die Krokodilrivier beset. Die stamme daar is of onderwerp of uitgewis.¹⁰ Ekspedisies is onder andere teen die Bakgatla, die Bakwena en die Barolong onderneem.¹¹

Van die oorspronklike inwoners het die Ndebele-aanvalle oorleef deur in die bosryke en bergagtige dele van Oos-en Noord-Transvaal en in die Kalahariwoestyn in die weste skuiling te gaan soek.¹² Dit het meegebring dat die Swart bevolking teen 1836 soos 'n groot perde-hoefyster van die woestynrand van die Kalahari noordwaarts deur Noord-Transvaal en ooswaarts deur Swaziland en verder suid tot in Basoetoland (Lesotho) versprei is.¹³ Dit was in hierdie ontvolkte gebied, binne die perdehoef-yster, wat die Trekkers van 1838 af ingetrek het.¹⁴

Verskeie persone kon uit eie waarneming getuig wat die toedrag van sake in Transvaal was op die 7 Kyk Omer-Cooper: *The Zulu Aftermath*, pp. 131-133.

8 Ibid., p.133.

9 Ibid., p.133 en 134.

10 F.W.T. Posselt: *The rise of the Amandebele*. (Proceedings of the Rhodesia Scientific Ass., vol.XVIII, part I, p.5).

11 Ibid., p.93.

12 W.A. Stals: Die kwessie van Naturelle-eiendomsreg op grond in Transvaal, 1838-1884, p.1.

13 F.A. van Jaarsveld: *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, p.121.

14 Ibid., p.113.tydstip toe die Blankes met Mzilikazi in aanraking gekom het. Twee handelaars uit die Kaapkolonie,

W. McLuckie en R. Scoon (Schoon), asook sendelinge J. Archbell en R. Moffat, het Mzilikazi gedurende 1829 besoek. Volgens McLuckie het hy vir ses weke van sy reis geen lewende wesens gesien nie; slegs afgebrande stamme en geraamtes.. Sowel Archbell as Moffat het getuig dat die Ndebele hoofkwartier omring was "by a vast extent of virtually depopulated country".¹⁵

Toestande in die verwoeste gebiede is ook later deur die Trekkeleiers Hendrik Potgieter en Andries Pretorius beskryf. In 'n brief wat Potgieter op 3 Desember 1838 aan goewerneur sir George Napier geskryf het, maak hy melding van groot landstreke wat deur die tiran, Mzilikazi, verwoes is en wat toe nog steeds "leeg" was.¹⁶ Andries Pretorius het op 16 Maart 1850 aan die redakteur van *De Zuid-Afrikaan* berig dat toe hulle die Kaapkolonie verlaat en oor die Oranjerivier getrek het, "vond wy steeden en dorpen de() naturellen die verwoest en met doodsbeendere opgevult leggen..."¹⁷

F.W.T. Posselt, wat navorsing oor die opkoms van die Ndebeleryk gedoen het, skryf soos volg oor die toestande in Transvaal: "All that marked the occupation of the former Bechuana and Basuto tribes were the stone walls that had been erected round their villages and lands".¹⁸ Volgens eerw. George Blencowe was die gebiede wat later bekend sou wees as die distrikte Wakkerstroom, Heidelberg, Pretoria en Potchefstroom, asook die suidelike gedeeltes van die Rustenburgse,

Middelburgse en Lydenburgse distrikte sonder enige van hulle oorspronklike bewoners toe die Trekkers in Transvaal aangekom het.¹⁹ Toe ds. A. Murray in 1850 van Lydenburg na die omgewing van die huidige Potgietersrus gereis het, het hy deur "geheel onbewoonde streken" gereis.²⁰ Ook die omgewings van Marico en Zoutpansberg, wat onmiskenbaar tekens gedra het van 'n eertydse digte bevolking, was woest en leeg. In laasgenoemde gebiede was daar slegs hier en daar in die berge vlugtelinge.²¹ Alexander Merensky, 'n Duitse sendeling wat hom in 1859 in Transvaal gevestig het, het dié toedrag van sake bevestig. Hy het enersyds 'n deeglike kennis van die verskillende stamme gehad en andersyds geen liefde vir die Blankes in Transvaal gekoester nie. Hy het in 1880 soos volg aan sir Theophilus Shepstone geskryf: "It is true that before the arrival of the Boers the Natives of the Transvaal were entirely routed and dispossessed of their respective territories...this was the 15 Omer-Cooper: *The Zulu Aftermath*, p.134.

16 H.S. Pretorius en D.W. Krüger: *Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849*, p.31.

17 D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (reds.): *Transvaalse Argiefstukke, Staatsekretaris; Inkomende Stukke, 1850-1853*, p.17.

18 Posselt: Mzilikazi. *The rise of the Amandebele*, (Proceedings of the Rhodesia Scientific Ass., vol. XVIII, part I, p.5).

19 S.J. Van der Walt: *Die segregasiebeleid in wese en in werking gedurende die regime van die S.A.R. 1849-1899*, p.72.

20 Potgieter: *Die vestiging van die Blanke in Transvaal*, p.16.

21 *Ibid.*, pp.16-17. *case in the northern districts as well as southern*.²²

Teen 1836 was Mzilikazi dus die alleenheerser benoorde die Vaalrivier. Die grootste gedeelte van die land ten suide van die 22ste suiderbreedtegraad was onder sy invloed.²³ Dié gebied het oor 'n afstand van 300 kilometer van oos na wes en byna so ver van noord na suid gestrek,²⁴ en het 'n oppervlakte van omtrent 50,000 vierkante kilometer beslaan.²⁵ Mzilikazi en sy Ndebele het egter slegs die westelike deel van Transvaal bewoon. Die res van die gebied was 'n bevolkingsvakuum wat vir nedersetting oopgelê het. Die Trekkers het dit benut.

22 T.S. van Rooyen: *The Bantu and European occupation of Southern Africa* (Mankind Quarterly, vol iv, nr.1, p.6).

23 G.M. Theal: *Geschiedenis van Zuid-Afrika*, p.427.

24 W. F. Lye: *The Ndebele Kingdom south of the Limpopo River* (Journal of African History, X, I, 1969, p.96).

25 Davenport: *South Africa*, p. 14.

HOOFSTUK 2

DIE TREKKERS SE AANSPRAAK OP GROND IN DIE NOORDE

Tydens die Groot Trek het die trekgeselskap van Hendrik Potgieter besluit om hulle noord van die Vaalrivier te gaan vestig, eerder as in Natal soos die ander Trekkeleiers, Piet Retief, Gert Maritz en Piet Uys, gedoen het.

Nog voordat hulle die Vaalrivier kon oorsteek, het die Ndebele van Mzilikazi hulle op 16 Oktober 1836 by Vegkop (naby die huidige Heilbron) laat aanval. Hierdie aanval het 'n kentering in die posisie van die Ndebele in die besonder, maar ook van die Swartes in die algemeen teweeggebring. As strafmaatreeël het die Trekkers twee ekspedisies, een in November 1836 en toe weer gedurende Januarie 1837, teen Mzilikazi en sy stam onderneem.²⁶ Die gevolg was dat die Ndebele eers by Mosega en daarna in die geveg by Kapain, wat nege dae geduur het, verslaan is en hulle toe oor die Limpoporivier gevlug het. Die grotendeels ontvolkte binneland het daarna vir die Trekkers oopgelê.²⁷ Potgieter het op grond van verowering, op die gebied tussen die Vaal-en Limpoporiviere aanspraak gemaak²⁸ en dit beset.²⁹ Etlike jare later, op 13 November 1848, het Potgieter aan goewerneur sir Harry Smith geskryf: "...nooit was het myn voornemen, nog van iemand anders aan deezen zyde van Vaalrivier, deezen gronden, indien dezelve niet geheel vry konde verkregen worden, met de wapenen te veroweren".³⁰

Engelssprekende reisigers en veral sendelinge, het die Trekkers, na hulle vestiging in Transvaal, daarvan aangekla dat hulle die Swartes verdryf en sodoende van hulle grond beroof het. In 'n *memorie* wat 56 Boere op 7 Oktober 1845 in Ohrigstad onderteken het, word daar melding gemaak van die "skandelijke leuentaal" wat deur die Engelse pers verkondig en in oorsese lande versprei word, naamlik dat die Boere die Swartes in hulle duisendtalle verdryf het.³¹ Hierdie soort kritiek kom ook voor in beskuldigings wat die "Committee van het Evangelisch Verbond" op 13 April 1859 uit Port Elizabeth in 'n ope brief teen die Transvaalse Boere uitgespreek het. Volgens hulle het die 26 Van Jaarsveld: *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, p.126. Kyk ook *De Tijd*, 13.7.1871 (Transvaalsche Republiek).

27 Van Rooyen: *The Bantu and European occupation of Southern Africa*, p.6.

28 Groenboek Z.A.R. 164 Suid-Afrikaanse Republiek. *Transvaalse Deputasie 1883-1884* -Lord Derby, London, p.24.

29 Pretorius en Krüger (reds.): *Voortrekker- Argiefstukke*, p.30.

30 Ibid., p.342.

31 J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius (reds.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I, 1844-1850, p. 163.

Boere die grondgebied wat hulle bewoon, in besit geneem deur "diefstal en moord". Die Uitvoerende Raad van die Republiek Lydenburg het die aanklag ten sterkste ontken.³² Volgens hulle is slegs 'n gedeelte van die grondgebied ten noorde van die Vaalrivier deur "wettig gevoerde oorlogen" wat gespruit het uit "onwettige" aanvalle deur die inwoners (die Ndebele), verower.³³ Verowering was 'n erkende internasionale reg, waar daar teen aanvallers opgetree is. Die res van die grond is op wettige wyse van die vroeëre eienaars, naamlik die stamme wat daar gewoon het, gekoop of geruil, meestal vir vee.³⁴ So het Hendrik Potgieter die gebied tussen die Vet-en Vaalrivier op 13 Junie 1838 vir 49 koeie van Makwana, die Bataungkaptein, gekoop.³⁵ Die hoofrede vir die afstanddoening van 'n gedeelte van sy grondgebied, was egter die *beskerming* wat die Trekkers hom teen die Ndebele en ander roofsgtige stamme sou bied.³⁶

Toe sommige van die Trekkers, onder leiding van Hendrik Potgieter, in 1846 van Wes-Transvaal na Oos-Transvaal getrek het om 'n nuwe nedersetting by Ohrigstad aan te lê, is grond van Umswazi, die Swazi-opperhoof, gekoop of geruil. Laasgenoemde het op 25 Julie 1846 aan die Blankes afstand gedoen van die hele Ohrigstad-Lydenburggebied in ruil vir 100 aanteelbeeste.³⁷ Ook in hierdie geval was beskerming deur die Blankes die grondliggende motief. Die Lydenburgse Boere sou Umswazi en sy stam teen verdere aanvalle deur die Zoeloes beskerm.³⁸ Op 21 Julie 1855 is 'n tweede grondtransaksie met Umswazi aangegaan, Nog grond³⁹ is vir 70 beeste van hom gekoop.⁴⁰ Dit was 'n strook grond, etlike kilometer breed, op die noordelike oewer van die Pongolarivier tot sover as die Lebomboberge in die ooste. Sodoende het Umswazi 'n bufferstrook tussen hom en die Zoeloes, suid van die Pongolarivier, geskep. Dit het geblyk 'n effektiewe afskrikmiddel te gewees het, want die Zoeloes het die Swazi's nooit weer na 1855 aangeval nie.⁴¹

Grondtransaksies is ook tussen die Blankes in Transvaal en die Zoeloes op die suidoostelike grens aangegaan. Nadat die Engelse Natal in 1843 geannekseer het, het talle Trekkers by Mpande, Dingane se opvolger, toestemming gekry om hulle in die gebied tussen die Buffels-en Bloedrivier te

32 L 15 Argief van die Republiek Lydenburg, 1856-1860, Uitgaande stukke, p.93.

33 Ibid., p.88. Vgl. H.C. Bredell en P. Grobler: Gedenkskriften van Paul Kruger, p.10.

34 S. Hofmeyr: Die Boere-republieke en die volkereg, p124.

35 Pretorius en Krüger (reds.): Voortrekker-Argiefstukke, p. 317.

36 Ibid., p.318.

37 Ibid., pp. 233-234.

38 Unie van Suid-Afrika: Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling...DEEL I, hoofstuk 2,

pp.38-39.

39 Vgl. LI Argief van die Republiek Lydenburg, 1856-1860, Notules, Besluite en Wette, p.7.

40 S.S. 10 Supplementêre band, Staatsekretaris Inkomende Stukke, pp. 92-93.

41 W.J. Leyds: Het insluiten van de Boeren-Republieken, II, p.317.gaan vestig.⁴² Indien bogenoemde gebied by die Z.A.R. (Transvaal) ingelyf kon word, sou dit die

Transvaalse suid-oostelike grens veel nader aan die see en dus 'n hawe bring.⁴³ Mpande het op 20 Augustus 1852 aan die versoek voldoen maar na 'n lang getalm dit eers op 8 September 1859 vir 100 beeste aan die Boere verruil.⁴⁴ Dié gebied is toe op 6 November 1859 by die Z.A.R. ingelyf.⁴⁵ Mpande se seun, Cetshwayo, het teen 1860 'n dominerende plek in Zoeloeland ingeneem en 'n bedreiging vir sy vader geword. Mpande het 'n dringende beroep op die Z.A.R. gedoen om hom van Cetshwayo en sy aanhang te verlos. Vir sodanige hulp het hy belowe om aan hulle 'n stuk grond tot aan die see (Kosibaai) te gee.⁴⁶ So 'n ooreenkoms met Mpande sou egter kragteloos wees indien Cetshwayo dit sou teëstaan; wat hy wel gedoen het. Die gevolg was dat die Z.A.R. se planne om 'n seehawe te bekom, nie gerealiseer het nie.

42 Kyk A787 G.S. Preller-vers., Band 157, Historiese Inligtingslêer nr. 40, Pretorius, M.W., 1854-1860, p.97.

43 Kyk J.P.F. Moolman: Die Boere se stryd teen die Swart stamme in en om die Z.A.R., 1864-1871 (D. Litt Et Phil., Unisa, 1982, pp.105-106).

44 A 787. Preller-versameling Band 157, p.97.

45 J. H. Breytenbach en D.C. Joubert: Notule van die Volksraad van die Z.A.R., Deel V, 1864-1866, p. 440.

46 S.S. 34 Staatsekretaris Inkomende Stukke, pp.131-132.

HOOFSTUK 3

HERVESTIGING VAN DIE VERSWAKTE SWART STAMME

Dit is ironies dat die veilige toestand wat die Trekkers na die skrikbewind van die Ndebele geskep het, vir hulle probleme meegebring het, want die instromende Swartes moes van woonruimte voorsien word.

Nadat die Trekkers hulle in 1839 aan die Mooirivier (Potchefstroom) gevestig het, het verskeie van die oorgeblewe groepies Swartes, wat as gevolg van Mzilikazi se optrede in die diepste armoede en ellende verkeer het, hulle in die vrygestelde gebiede onder beskerming van die Blankes gaan vestig.⁴⁷ G. M. Theal beskryf die toestand soos volg: "De aankomst van de blanken en de vlucht van de Matabele gaven nieuw leven aan de bewoners van de bergen en de woestijnen. Zij konden zich weer in het open veld vertonen en tuinen maken en rustig slapenHun leven was nu veilig en de bewoners van de kralen vermenigvuldigden zich met verbazende snelheid..."⁴⁸

Die behandeling wat hulle van die Blankes ontvang het, was van so 'n aard, "dat van allen kanten...Naturellen het land binnenstroomden, om onder de bescherming der Republiek veilig te kunnen leven".⁴⁹ Mettertyd het die Swartes uit hulle skuilplekke gekom en na hulle vroeëre woonplekke in die Waterbergse, Zoutpansbergse en die noordelike gedeeltes van die Rustenburgse, Middelburgse en Lydenburgse distrikte teruggekeer.⁵⁰ Die gevolg hiervan was dat die Swart bevolking in Transvaal van die geskatte 10,000 teen die einde van die jare dertig van die 19de eeu⁵¹ tot ongeveer 100,000 teen 1853 aangewas het.⁵² Dit wil dus voorkom of T Wangemann ('n sendeling?) se oordeel dat die Blankes die Swartes uitgeroei het, ongegrond is.⁵³ In teenstelling met lande soos die V.S.A., waar die inboorlingvraagstuk opgelos is deur die inheemse bevolking (die Rooihuide) uit te delg of onskadelik te maak,⁵⁴ het die Blankes, selfs toe hulle die geleentheid daartoe gehad het (die Zoeloes en Ndebeles), nie eers aan so 'n moontlikheid gedink nie.⁵⁵

⁴⁷ De Tijd, 13.7.71 (Transvaalsche Republiek).

⁴⁸ G.M. Theal: Geschiedenis van Zuid Afrika, p.428.

⁴⁹ Groenboek Z.A.R. 164 Suid-Afrikaanse Republiek, p. 25.

⁵⁰ S.J. van der Walt: Die segregasiebeleid in wese en in werking gedurende die regime van die S.A. Republiek,1949-

1899, p.73.

⁵¹ Groenboek Z.A.R. 164, p.25.

⁵² Stals: Die kwessie van Naturelle-eiendomsreg op grond in Transvaal, p.1.

⁵³ T. Wangemann: Maleo en Sekoekoeni, p.168.

⁵⁴ Vgl. M. Landmann: Filosofische Antropologie, p.24.

⁵⁵ A. van Schalkwyk: Beleidsrigtings t.o.v. die Naturellevraagstuk in Suid-Afrika (Referaat van SABRA), p. 13.

Onbeheerde instroming van Swartes in Transvaal het vir die Blankes gevare ingehou. Dit sou moeilik wees om Swartes wat ongekontroleerd in Transvaal ingekom en op Blankes se plase gaan woon het, sonder onluste te hervestig. Dit moes verhoed word deur so spoedig doenlik 'n stelsel van grondtoekenning, waarvolgens vaste woonplekke aan Swartes gegee kon word, te ontwerp. Reservate, onder beheer van opperhoofde of kapteins, is aan die Swartes wat vroeër in Transvaalse gebied gewoon het en daarheen teruggekeer het, voorsien.⁵⁷ Bakenkommissies is aangestel om woonplekke vir sodanige stamme aan te wys.⁵⁸ Die grondbeginsel was om aan "ieder stam, die bereid was rust en vrede te bewaren en de beschaving te aanvaarden, een zeker gebied aan te wijzen, waarvan de oppervlakte in verhouding tot de grootte van den stam stond".⁵⁹ Van die Swartes is verwag om hulle rustig te gedra,⁶⁰ en om die gesag van die Blanke regering te erken.⁶¹ Die teruggekeerde opperhoofde en kapteins is dus as vasalle van die regering beskou en sou voortaan onder die voogdyskap van die Blankes staan.

Grond is as 'n "leningsplaas"⁶² aan 'n stam toegeken. Dié grond het staatsgrond gebly⁶³ en sou dus nie die Swartes se eiendom word nie.⁶⁴ Die verowerde grond waarop die Swartes die vergunning gehad het om op te woon, kon nie later deur Blankes gekoop of geruil word nie. Dit het verhoed dat hulle mettertyd sonder grond sou wees. Hulle was tradisioneel gewoon aan 'n stelsel van gemeenskaplike grondbesit; voortaan sou die Blanke regering hulle reg om daarop te woon, beskerm.

Grond is onder andere aan die volgende opperhoofde/kapteins toegeken: Machavi, Montshiwa (Monsioa?) en Moshette van die Barolong, asook aan Moilwa (Bahurutshe), Gasebone (Batlhaping), Setshele, Gotsisibi, Lentzoa (Lentswe), Lincoeba, Matlaba, Mosielele en Massou (Koranas).⁶⁵

Daar was skynbaar by dié opperhoofde en kapteins geen beswaar teen die feit dat die Blankes

⁵⁷ F. Troup: South Africa an historical introduction, p.135.

⁵⁸ Van Biljon: Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika, p. 335.

⁵⁹ Bredell en Grobler (reds.) : Gedenkschriften van Paul Kruger, p. 24.

⁶⁰ Krynauw en Pretorius (reds.) : Transvaalse Argiefstukke, p.149.

⁶¹ Van Rooyen: Die verhouding tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van die Oos-Tansvaal tot

1882, p.188.

⁶² Breytenbach (red.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek II, p. 190.

⁶³ Jeppe en Kotzé : De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek,1849-1885, p.97.

⁶⁴ Troup: South Africa, p.135.

65 Kyk Transvaal Native Affairs Department: Short history of the Native tribes of the Transvaal, 1905, p. 9,12 en 17. jurisdiksie oor die gebied waarop hulle woon, uitgeoefen het nie. Inteendeel, baie was bly om vasalle te word in ruil vir beskerming.66 Dat die Swartes die nuwe situasie aanvanklik aanvaar het, is van Blanke kant bevestig deur onder ander die sendelinge Moffat en Livingstone wat onder die stamme in die westelike streke van Transvaal gearbei het en wie die Boere nie goedgesind was nie.67 Daar is genoegsame bewyse van die kant van die Swartes dat hulle die nuwe gesag oor hulle aanvanklik erken en selfs vewelkom het. Matlaba het byvoorbeeld op 12 Oktober 1839 saam met Matatiele verklaar dat die "verrinneweerde" land wat deur A.H. Potgieter van Mzilikazi verower is, aan die Boere behoort en dat geen stam daarop aanspraak kan maak nie.68 Kaptein Mosielele het op 31 Julie 1852 teenoor kommandant P.E. Scholtz toegegee dat die gebied wat aan Mzilikazi behoort het, op grond van verowering, aan die Boere behoort.69 Op sy beurt het opperhoof Moilwa op 17 Maart 1854, namens die opperhoofde van die Maricodistrik, verklaar dat hulle die Transvaalse regering as die enigste en hoogste gesag benoerde die Vaalrivier erken.70 Kaptein Massau van die Koranas, asook Moshette van die Barolong en Gasebonwe van die Batlhaping het die Boere se aanspraak op die verowerde grond erken.71. Dit sou nie onbepaald so bly nie. Meer hieroor later.

66 Robertson : Economic contact between Black and White II, p. 3.
67 Van Jaarsveld: Vaalrivier omstrede grenslyn, p.168.
68 Pretorius en Krüger (reds.) : Voortrekker-Argiefstukke, p. 97.
69 Schapera (red.) : David Livingstone, p.138.
70 S.S. 6 Staatsekretaris Inkomende Stukke R628/54, p.101.
71.Groenboek Z.A.R. 164 Suid-Afrikaanse Republiek, p .27.

HOOFSTUK 4

DIE BLANKES SE GESINDHEID TEENoor DIE SWARTES

Die Blankes in Transvaal het gedurende die aanvangsjare 'n gedragslyn van vrede en goeie verstandhouding met die Swartes gevolg. Weens die Swartes se getalle-oorwig, het die Blankes besef dat dit, uit 'n veiligheidsoogpunt, noodsaaklik was dat daar met die veskillende stamme "op den besten wyzen vredetractaten mogen worden ingegaan, hoe eerder hoe beter".72 In ooreenstemming hiemee, is daar op 22 en 23 September 1846, tydens 'n publieke byeenkoms op Ohrigstad, besluit dat die Hoofkommandant (A.H. Potgieter) altyd op die vreedzaamste wyse moontlik moes optree wanneer geskille met die omliggende stamme ontstaan.73

J.J. Burger, die waarnemende sekretaris van die Ohrigstadse Volksraad, het gedurende Februarie 1848 aan die Portugese goewerneur, De Zilviras, geskryf dat die Boere altyd "op de vreedzaamste mogelykste wyze" teenoor die Swartes opgetree het.74 Die instuksies wat die Ohrigstadse Volksraad op 21 April 1848 aan veldkmdt. S.J. Rensburg, wat op 'n ekspedisie na Inhambane moes gaan, uitgereik het, weerspieël die Boere se gesindheid jeens die Swartes. Rensburg moes tydens dié ekspedisie toesien dat daar geen "verwoesting op vernieling" van die stamme, met wie hulle in aanraking sou kom, se eiendom plaasvind nie.75 Andries Pretorius het, in sy hoedanigheid as kommandant-generaal, op 7 Mei 1853 aan kmdt. Jan Jacobs opdrag gegee om te sorg dat daar met die grootste regverdigheid, verdraagsaamheid en vredeliewendheid teenoor die Swartes opgetree word.76

Die Blankes in Transvaal se vredeliewende gesindheid teenoor die Swartes het daartoe gelei dat hulle binne die bestek van 'n paar jaar met verskeie opperhoofde en kapteins vredes- en vriendskaps verdrae gesluit het. Hendrik Potgieter het op 15 Mei 1848 in 'n brief aan goewerneur sir Harry Smith, daarop aanspraak gemaak dat hy met 27 opperhoofde en kapteins vredestraktate gesluit en hulle onder sy beskerming geneem het.77 Op 17 Oktober 1851 het Andries Pretorius 'n traktaat van vrede en vriendskap met Moshweshwe, die Basoeto-opperhoof, gesluit waarin hulle onderneem het 72 Breytenbach en Pretorius (reds.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek I, p.207.
73 Ibid., p.214.

74 Ibid., pp. 248-249.

75 Pretorius en Krüger (reds.) : Voortrekker- Argiefstukke, p. 316.

76 Bloemhofse Arbitrasie-Blouboek, pp. 67-68.

77 Pretorius en Krüger (reds.) : Voortrekker-Argiefstukke, p. 318.om nooit wapens teen mekaar op te neem nie.78 Vier jaar later, op 26 Oktober 1855, het M.W.

Pretorius, toe kommandant-generaal van Transvaal, ook aan Moshweshwe geskryf en die hoop uitgespreek dat hy, net soos sy vader, met hom in vrede en vriendskap kon leef.79

Die goeie verstandhouding wat die Blankes sedert 1839 met Mpande, die Zoeloe-opperhoof opgebou het, is met die jare verstewig. Verskeie kommissies is van tyd tot tyd na hom gestuur om hom van die Transvaalse Boere se goeie bedoelinge en vriendskaplike gesindheid te verseker.80 Een van hierdie kommissies wat gedurende Maart 1858 getuur is, het president M.W. Pretorius en die Volksraad se groete aan Mpande en sy opvolger, Cetshwayo, oorgedra en die begeerte uitgespreek dat hulle graag die bestaande band van vriendskap met die Zoeloevolk wil behou.81 Op 20 Junie 1860 is 'n soortgelyke kommissie na Mpande afgevaardig. Dié vriendskap het tot Mpande se dood

in 1872 geduur.

Die Blankes se gesindheid teenoor die Swartes is grootliks beïnvloed deur die houding wat die Swartes teenoor hulle ingeneem het. Teenoor vredeliewende stamme was die Blankes vriendelik maar teenoor vyandige en aggressiewe stamme is aanvallend opgetree omdat die Blankes nie kon toelaat dat sulke stamme, weens hulle getalle oorwig, hulle verdring of die oorhand oor hulle kry nie.

78 A3 Soutter-versameling, pakket 5, dokument nr. 6, p. 252.

79 S.S. 8 Staatsekretaris Inkomende Stukke R927/55, p.193.

80 Breytenbach (red.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek II, p. 561.

81 Ibid., III, p.529.

HOOFSTUK 5

OPSTANDIGHEID ONDER DIE SWARTES

Van die stamme wat die Blankes aanvanklik as hulle beskermhere teen Mzilikazi aanvaar het en bereid was om onder die Transvaalse regering se gesag te staan, het later opstandig en aggressief geraak.⁸² Hiervoor was daar hoofsaaklik drie redes. Onder die Blankes se beskerming, het die Swartes se getalle, deur natuurlike aanwas, vinnig toegeneem sodat hulle spoedig sterk genoeg gevoel het om met die Blankes kragte te meet.⁸³ Tweedens het die Swartes met hulle terugkeer na Transvaal waarskynlik opgemerk dat die Blankes onderling verdeeld was en daarom militêr nie so sterk was as wat hulle aanvanklik gedink het nie. Hulle eerste indrukke van die Blankes se militêre vermoë was gebaseer op die Trekkers se twee strafekspedisies teen Mzilikazi toe hulle nog as 'n eenheid opgetree het. Daarna het hulle hulself egter militêr verswak deur in klein "kolonies" in Wes-, Oos-, Suidoos- en Noord-Transvaal te gaan woon. M.W. Pretorius wat op 9 Augustus 1853 as kommandant-generaal vir Wes-Transvaal ingesweer is, het self erken dat die gees van ongehoorsaamheid onder die Swartes te wyte is aan die gebrek aan eenheid onder die Blankes.⁸⁴ Derdens het die Engelse sendelinge, reisigers en handelaars die Swartes teen die Blankes in Transvaal negatief beïnvloed en hulle van vuurwapens en ammunisie voorsien.⁸⁵ As gevolg daarvan, het die Swartes hulle vrees vir die Blankes verloor,⁸⁶ hulle as die Blankes se gelykes laat voel en hulle die moed gegee om met aanvalle op en plundertogte teen die Blankes te begin.⁸⁷

Wat die Swartes betref, was die toestand in Transvaal reeds sedert die laat veertiger-en vroeë vyftigerjare glad nie meer rustig en veilig nie. Die opstandigheid van sekere stamme blyk uit 'n rapport wat A.H. Potgieter op 21 Junie 1846 aan waarnemende kmdt. J.L.Venter en die veldkornette gestuur het. Daarin maak hy melding van die gerugte dat die hele "kafferryk" saamspan om die Blankes aan te val en uit te delg.⁸⁸ Die Blankes is al meer en meer as indringers in plaas van bevryders gesien, met die gevolg dat sommige stamme nie die Blankes se gesag oor hulle wou aanvaar nie.

82 Vgl. Schapera (red.) : David Livingstone, p.141 en 150.

83 Huyser: Die Naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p. 188.

84 D.C. McGill: A History of the Transvaal, 1853-1864, p.331.

85 Schapera (red.) : David Livingstone, p.141. Kyk ook Staats Courant der Z.A.R., 9.7.1858.

86 Ibid.

87 De Zuid-Afrikaan, 9.12.1858 (Transvaal).

88 Pretorius en Krüger (reds.) : Voortrekker-Argiefstukke, p. 231.

Die Swartes se opstandige, vyandige en astrante houding, is as "brutaal" beskryf. Berigte oor die Swartes se "brutaliteit", het vanuit verskeie oorde ingestroom. Enkele voorbeelde kan vermeld word. Veldk. H.J. van Staden het op 28 April 1851 van Warmbad af aan A.W.J. Pretorius geskryf: "Myn heer, so kan ik niet set, de kaffer heef myn vertrap, het is onverdraaglyk om het te dulden".⁸⁹ Uit Lydenburg het Idr. J. de Clerq op 3 Oktober 1853 aan kmdt.-genl. W.F. Joubert geskryf: "De brutaliteit van de kaffers is zoo groot dat wy noch nimmer zoo iets gehoord of gezien hebben".⁹⁰ In Wes-Transvaal was toestande in die vroeë vyftigerjare die haglikste omdat die Blankes daar met meer vyandiggesinde stamme te doen gekry het as elders in Transvaal. Die Engelse sendelinge daar, soos Livingstone, het die Swartes beïnvloed⁹¹ en van vuurwapens en ammunisie voorsien,⁹² terwyl die Duitse sendelinge in Oos-en Noord-Transvaal dit nie gedoen het nie. As gevolg van die onveilige toestande in die Marico-gebied, het die Blankes daar maandelank in laers gestaan.⁹³ Uit die Klein-Marico-gebied het kmdt. J.W. Viljoen op 5 September 1856 aan M.W. Pretorius geskryf dat die Swartes daar beoog om alle Blankes, waar hulle hul ookal mag teëkom, te vermoor.⁹⁴ Ook in die distrik Swartruggens het die Swartes se opstandigheid en aggressiwiteit tot wanhopigheid onder die Blankes gelei.⁹⁵

Die gedrag van die Swartes het die Blankes só ontstel dat Pretorius op 10 Januarie 1857 aan die "Britse en Buitelandse Genootskap tot afskaffing van Slawerny" in Londen geskryf het dat die "wilde barbaren" hulle aan sulke "woesthede" oorgegee het, dat hulle weinig verskil van "de verscheurende dieren der woestyn in wier midden zy wonen".

- 96 Hy was oortuig daarvan dat die Swartes besig was om 'n geheime verbond te snoer om op 'n sekere dag die Blankes aan te val en uit te roei.⁹⁷ Die Blankes was letterlik omring van honderdduisende Swartes wat vir hulle 'n militêre bedreiging ingehou het. In verskillende *memories* is daarop aangedring dat die Swartes binne die Republiek uitmekaar gehou moet word sodat hulle nie teen die Blankes kon saamspan nie.⁹⁸
- 89 Krynauw en Pretorius (reds.) : Transvaalse Argiefstukke, p. 145.
- 90 L5 Argief van die Republiek Lydenburg, 1856-1860, p. 120.
- 91 Theal: Geschiedenis van Zuid-Afrika, p. 429.
- 92 Breytenbach (red.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek II, p. 366.
- 93 Vgl. Krynauw en Pretorius (reds.) : Transvaalse Argiefstukke, p. 309.
- 94 S.S. 12 Staatsekretaris Inkomende Stukke R1188/56, p. 138.
- 95 S.S. 11 Staatsekretaris Inkomende Stukke R1059/56, pp. 264-265.
- 96 Breytenbach (red.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek III, p. 472.
- 97 J.C.M. Venter : M.W. Pretorius as staatspresident van die Oranje-Vrystaat, 1860-1863, pp.110-111.
- 98 Breytenbach (red.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek II, p. 199.

HOOFSTUK 6

SENDELINGE SE INVLOED OP DIE SWARTES SE HOUDING TEENOOR DIE BLANKES

Die opstandigheid en aggressiwiteit van sekere Swart stamme in Wes-Transvaal kan in 'n groot mate aan die invloed wat Engelse sendelinge op hulle gehad het, toegeskryf word. Weens hulle besondere posisie in die onderskeie stamme waar hulle gearbei het, was hulle in staat om 'n sterk invloed ten opsigte van die Swartes se houding jeens die Blankes uit te oefen.

Sendelinge van die Londense Sendinggenootskap was geneig om hulle eie anti-Boer-gevoel aan die Swartes oor te dra en boonop die Blankes se posisie in gevaar te stel deur die Swartes van vuurwapens en ammunisie te voorsien. Wilson en Thompson skryf tereg: "British traders and missionaries encouraged them (die Swartes) to adopt this attitude, and by providing them with arms and ammunition, increased their capacity to resist republican (Transvaal se regering) demands".⁹⁹ Vuurwapens in die hande van Swartes was, volgens die redakteur van *De Zuid-Afrikaan*, die vernaamste oorsaak van oorloë met hulle. Dit het hulle 'n uittartende houding laat inneem¹⁰⁰ en tot gedugte vyand maak. 'n Korrespondent, J. Kotzé van Rondebosch, wat Transvaal besoek het, huldig dieselfde standpunt naamlik dat die smokkel van vuurwapens en ammunisie die bron van veel kwaad was.¹⁰¹

Sendelinge van die Londense Sendinggenootskap het nie net vuurwapens en ammunisie aan die Swartes verskaf nie, maar hulle ook teen die Blankes aangehits. Livingstone het byvoorbeeld sy bes doen om die Blankes se aanspraak op heerskappy oor die stam by wie hy gewoon het (die Bakwenas), te bestry.¹⁰² Dit het daartoe gelei dat Setšhele op 21 April 1853 ontken het dat die Bakwenas onder die Blankes se gesag gestaan het. ¹⁰³

Die Swartes aan die wesgrens van Transvaal is verder verontrus deur 'n gerug wat sendelinge Inglis ⁹⁹. M. Wilson en L. Thompson: *The Oxford history of South Africa I, South Africa to 1870*, p. 438.

¹⁰⁰ A13 Lauts-vers. Band 13, Suid-Afrikaanse koerante: uitknipsel nr. 14 uit *De Zuid-Afrikaan*, 18.11.1852 (redaksioneel).

¹⁰¹ *De Zuid-Afrikaan*, 28.4.1853 (De Transvaalsche Boeren).

¹⁰² Theal: *Geschiedenis van Zuid-Afrika*, p.429.

¹⁰³ Schapera (red.) : David Livingstone , p. 150.en Edwards versprei het dat Andries Pretorius met die Britse regering ooreengekom het "dat alle

Zwarten Natiën die aan deze zeide Vaalrivier is de laaste moeten verdelgd en als slaven onder de voeten van de Afrikaander worden gebragt".¹⁰⁴ As gevolg van hulle optrede is dié twee sendelinge uit Transvaal verban. Indien daar nie teen hulle opgetree is nie, sou dit, volgens Andries Pretorius, waarskynlik op 'n afgryslike bloedbad tussen Blank en Swart afgestuur het omdat hulle hul besig gehou het met "de opruijng der zwarten" teen die Blankes.¹⁰⁵

Die Swartes se houding teenoor die Blankes is verder vertroebel deur die Engelse sendelinge se idees oor gelykstelling tussen Blank en Swart. Deur die Swartes wys te maak dat hulle "bij aanneming van het Christendom gelijk staat in rang met de blanke menschen",¹⁰⁶ het die Swartes, volgens M.W. Pretorius, by hulle aangebore "dierlyke w(oestheid)" ook nog "onbeschaamd" en "trotsh", dit wil sê uittartend, geword. As gevolg van dié houding, moes die Blankes gedurig op hulle hoede wees teen onverwagte aanvalle deur die Swartes.¹⁰⁷

Tydens 'n Volksraadsitting op Pretoria, het president Pretorius hom op 15 September 1858 sterk uitgelaat oor die nadelige invloed wat die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap op die Swartes langs die Transvaalse wesgrens gehad het. Volgens hom was hulle teenwoordigheid daar gevaarlik en nadelig vir die vrede en welvaart van die land. Daar moes slegs na die algemene geskiedenis van Suid-Afrika gekyk word om te sien dat, waar dié sendelinge ookal toegelaat was, oproer en vyandighede altyd die gevolg was.

108 Dit sou dus vir die Blankes in Transvaal veel nuttiger en wensliker wees om voorkeur aan die Morawiese (Duitse) sendelinge te gee, aangesien hulle, volgens Pretorius, beter daartoe in staat was om die "barbaren tot beschaving" te bring as die Engelse sendelinge.¹⁰⁹

Die Morawiese sendelinge, wat hoofsaaklik onder die Swart stamme van Oos-en Noord-Transvaal gearbei het, het hulleself met sendingwerk besig gehou en hulle nie met die stryd tussen Blank en Swart bemoei nie. Die opstandigheid wat wel onder die stamme in dié gebiede voorgekom het, was dus grootliks aan ander faktore, soos hulle snelle aanwas en die besit van groot hoeveelhede vuurwapens, toe te skryf.

104 Du Plessis, T.A.: M.W. Pretorius in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat tot 1864, p.37.

105 A13 Lauts-vers.. Band 14, Suid-Afrikaansekoerante: uitknipsel nr.113 uit De-Zuid-Afrikaan, 1,8.1853.

106 L15 Argief van die Republiek Lydenburg, 1856-1860,Uitgaande stukke, p.102.

107 Breytenbach (red.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek III, pp. 472-473.

108 Ibid., p.191.

109 Ibid., p. 491.

HOOFSTUK 7

OPTREDE TEEN DIE OPSTANDIGE STAMME

In belang van hulle eie veiligheid en voortbestaan was die Blankes genoodsaak om die bedreiging wat die Swartes vir hulle ingehou het, die hoof te bied deur militêr teenoor hulle op te tree. Hulle het egter uit tweërlei rigtings probleme ervaar. Enersyds was daar die gevaar van onverhoedse aanvalle, moord en roof, waarteen voortdurend gewaak moes word, maar andersyds moes die Blankes uiters versigtig wees in hulle optrede teenoor die Swartes. Die wyse waarop hulle die Swartes behandel het, is noukeurig deur die buitewêreld en veral deur die Britse regering, dopgehou.¹¹⁰ Op 9 Augustus 1853 het die Hertog van Newcastle byvoorbeeld aan die Kaapse goewerneur, sir George Cathcart, geskryf dat die voortbestaan van die vriendskaplike betrekkinge tussen die Britse-en Transvaalse regerings sou afhang van die manier waarop laasgenoemde regering sy magte van selfregering ten opsigte van die Swartes uitoefen.¹¹¹

Sir George Grey, nog 'n Kaapse goewerneur, het op 11 Mei 1855, na aanleiding van die Blankes se veldtog teen Mokopane in 1854, aan C. Potgieter en H.T. Bührmann, voorsitter en sekretaris van die Transvaalse Volksraad, geskryf: "I take this opportunity of reminding you, that not only the inhabitants of the Colony of the Cape of Good Hope, but, in fact a large portion of the civilized world will watch with the greatest anxiety the progress of the Republic, and the mode in which it may treat the native tribes in its vicinity".¹¹² Die beheer oor aangeleenthede rakende die Swartes het dus 'n groot verantwoordelikheid op die Transvaalse regering geplaas.

Teen 1853 het die verhoudinge tussen Blank en Swart so versleg dat die tyd vir handeling deur die Blankes aangebreek het. Die Swartes moes tot die besef gebring word dat hulle deur kwaadstokers mislei word en dat die Blankes hulle goedgesind was en in vrede met hulle wou lewe.¹¹³solank hulle nie die rus verstoer nie.

Wanneer gehoorsaamheid en ordelikheid by die Swartes nie op 'n vreedsame wyse bewerkstellig

110 A1008 M.W. Pretorius-aanwys, p. 9.

111 Ibid.

112 Breytenbach (red.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek III, p. 293.

113 Vgl. Du Plessis: M.W. Pretorius en die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat,

p.38.kon word nie,¹¹⁴ moes die gewenste resultate met wapengeweld verkry word.¹¹⁵ Die Blankes in Transvaal kon nie toelaat dat die Swartes eers hand-uit ruk nie, want, soos Idr. J. de Clerq, op 2 Oktober 1852 aan Andries Pretorius geskryf het, "als de hardnekkig kaffer niet getugt worden zoude het ongelukkiger wezen als in de kolonie".¹¹⁶ Die herinneringe aan wat in die Kaapkolonie en Natal, onder Britse bewind, met hulle gebeur het, was deurentyd by die Transvaalse Blankes aanwesig en het as riglyn vir hulle optrede teenoor die Swartes gedien.

Ten spyte van die risiko van inmenging van buite (deur die Engelse), was dit vir die Blankes noodsaaklik om opstandige of weerspannige Swartes met geweld tot "gehoorsaamheid" te verplig.¹¹⁷ Teen sulke stamme is eendragtig opgetrek¹¹⁸met die doel om alle "buitensporigheden" teë te gaan,¹¹⁹ soos Pretorius dit gestel het. Hy het op 13 Augustus 1857 aan kmdt. J.J. Viljoen geskryf dat hy dit nie sou duld nie dat "wilde Barbaren over myn Landgenoten zal triumfeeren"¹²⁰ By die Swartes moes die besef gekweek word dat kwaadwillige optrede van hulle kant nie ongestraf gelaat sou word nie. As gevolg van hierdie beleid, kon Pretorius op 12 September 1859 aan die Volksraad verslag doen: "De omliggende en onder ons wonende kaffer-stammen zijn rustig. Verscheidene opperhoofden dier stammen bieden vrede en onderwerping aan".¹²¹ Dié toedrag van sake sou egter nie vir lank so bly nie.

Vroeg in 1860 het M.W. Pretorius as president van die Zuid-Afrikaanse Republiek bedank om op 8 Februarie van dieselfde jaar as president van die Oranje-Vrystaat ingesweer te word.¹²² Dit het die binnelandse ontwikkeling in die Z.A.R. in volkstwiste en wanorde laat verval.¹²³ Gedurende die tydperk 1860 tot 1864 kon die Swartes so te sê doen wat hulle wou omdat strafekspedisies moeilik teen hulle gestuur kon word. Dit het die vroeëre verswakte stamme die kans gebied om vuurwapens te versamel, oproere te veroorsaak, en hulle eindelijk as onafhanklike hoofde voor te doen.¹²⁴ Nadat Pretorius in April 1863 sy amp as president van die Oranje-Vrystaat neergelê het, is hy weer

114 Vgl. Breytenbach en Pretorius (reds.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek I, p. 214.

115 Van der Walt: Die segregasiebeleid in wese en in werking, pp. 67-68.

116 Krynaauw en Pretorius (reds.) : Transvaalse Argiefstukke, p. 243.

117 Breytenbach (red.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek III, p.252.

118 S.S.11 Staatsekretaris Inkomende Stukke R1120/56, p. 441.

119 S.S.12 Staatsekretaris Inkomende Stukke R1136/56, p. 20.

120 S.S.16 Staatsekretaris Inkomende Stukke R1677/57, p.338.

121 S.S.28 Staatsekretaris Inkomende Stukke R3088/59, pp. 418-419.

122 D. Lamb: The Republican Presidents 3, President M.W. Pretorius (Lantern, vol.21, nr.1, Sept. 1971, p. 53).

123 F.A. van Jaarsveld: Die Transvaalse Presidentsverkieping van 1871-1872, p.23.

124 Vgl. Van Oordt : Paul Kruger en de opkomst der Z.A.R., p. 117.

19.
op 10 Mei 1864 as president van die Z.A.R. beëdig.¹²⁵ Pretorius het toe sy hande vol gehad met die betuelling van opstandig stamme aan die grense¹²⁶ en het gevind dat die herstel van die gesag (wet en orde) onder die Swartes, makliker gesê as gedaan was.¹²⁷ Weerstand is ondervind van onder andere Gasebonwe Mahura, Massau, Setšhele, Montshiwa (Wes-Transvaal), Sekwati, Mabhogo, Maleo, Sekhukhune (Oos-Transvaal) en Mokopane, Mankopane (alias Mapela), Katsekatsa (Katlagter) en Makhado (Noord-Transvaal), om maar aan die belangrikste opperhoofde en kapteins te dink.

125 Van Oordt : Paul Kruger en de opkomst der Z.A.R., p. 116.

126 Van Jaarsveld : Vaalrivier omstrede grenslyn, p. 132.

127 Lamb : The Republican Presidents 3, Pres. M.W. Pretorius (Lantern, vol.21, nr. 1, Sept. 1971, p.55).

HOOFSTUK 8

POGINGS OM DIE SWARTES IN DIE Z.A.R. IN BEDWANG TE HOU

Ten einde die Blankes teen oorstroming of selfs uitwissing deur die Swartes te beskerm, was die Blankes genoodsaak om 'n beleid uit te werk rakende die Swartes, en om dit dan so goed moontlik toe te pas. Maatreëls wat getref is, was onder andere die volgende: rassedifferensiasie en gebiedskeiding; die passtelsel en die verbod op die besit van vuurwapens deur Swartes.

1). Differensiasie en gebiedskeiding

Die Blankes in Transvaal was teen enige vorm van gelykstelling tussen Blank en Swart gekant. Hierdie toedrag van sake is sonder twyfel toe te skryf aan die gevoel van differensiasie wat die Blanke reeds gedurende die 18de eeu in die Kaapkolonie teenoor die Swartes ontwikkel het.¹²⁸ In die Z.A.R. is dit as staatkundige beginsel aanvaar dat daar geen kerklike of politieke gelykstelling binne dieselfde gebied tussen Blank en Swart sou wees nie. Artikel 9 van die 1858-Grondwet het onder andere gelui : "Het volk wil geene gelykstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan, noch in kerk noch in staat".¹²⁹ Die Swartes se kultuur en beskawingspeil was so verskillend van dié van die Blanke s'n dat politieke en sosiale kontak op gelyke vlak onmoontlik was. Gelykstelling kon boonop tot gevolg hê dat die Swartes "hoogmoediger en trotscher en ontembaarder wordt als vroeger".¹³⁰ Skeiding tussen Blank en Swart was nie iets wat slegs emosioneel bepaal is nie, maar het uit die praktiese omstandighede voortgespruit.

Volgens die beleid van gebiedskeiding sou Swart stamme die geleentheid kry om elkeen sy eie koers in te slaan wat interne sake en ontwikkeling betref. Daar sou dus geen inmenging deur die Blanke regering in die bestuur van die onderskeie stamme wees nie, tensy 'n bepaalde stam deur wettelose optrede sulke inmenging genoodsaak het.¹³¹ G.M.Theal skryf soos volg hieroor:

"Volgens de oude Hollandse gewoonte, stonden zij toe dat iedere kleine Bantu bevolking door zijn eigen opperhoofd geregeerd werd in alle zaken welke het heersend ras (die Blankes) niet

128 Kyk J.P.F. Moolman : Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, pp.10-14.

129 Breytenbach (red.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek III, p. 497.

130 Huyser : Die Naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.235.

131 M.C.E.van Schoor : 'n Historiese oorsig van die ontstaan van die Bantoegebiede in Suid-Afrika (Triomf, nr.3,

p.25).aangingen".¹³² Opperhoofde of kapteins is dus toegelaat om hulle onderdane volgens hulle eie gewoontes en gebruike te regeer.

133 Vanaf die wordingsjare het daar sodoende 'n veelrassige samelewing in Transvaal ontstaan.¹³⁴

2. Die passtelsel

Omdat die Swartes se getalle die van die Blankes ver oortref het, (10:1), het die Transvaalse regering wetgewing aangeneem "ter voorkoming van Landloopery, Dievery en andere ongeregeldheden der Kaffers, ter beskerming van persone, eigendom en bezittingen, ter betere regeling en bestiering der Kafferstammen...".¹³⁵ Dié wetgewing het onder andere vir 'n passtelsel voosiening bemaak.

Omdat die Blankes die Swartes as arbeiders nodig gehad het, kon algehele segregasie nie toegepas word nie. Dit het die passtelsel 'n noodsaaklike vorm van beheer oor die kom en gaan van die Swartes gemaak. Daarsonder sou die hulle vryelik en doelloos kon rondswerf wat diefstal, plundering en selfs moord in die hand kon werk.¹³⁶

In 1858 is die eerste volledige reeks pasregulasies geproklameer, wat daarna etlike kere gewysig is.¹³⁷ Alle Swartes wat onder die gesag van 'n kaptein gestaan en buite sy woongebied wou gaan, moes van 'n pas, wat deur die veldkornet van die betrokke wyk onderteken is, voorsien wees.

Daarop moes volle besonderhede van sy identiteit verstrekkend word.¹³⁸

Geen Swartes is toegelaat om Transvaal te verlaat sonder 'n pas van die veldkornet van die wyk vanwaar hy kom nie. ¹³⁹Aan die anderkant kon geen Swarte die Republiek binnekom sonder 'n pas van sy opperhoof of 'n sendeling nie. Sodra hy Transvaal binnegekom het, moes hy hom by die veldkornet van die eerste wyk aanmeld. Dié sou hom dan van 'n nuwe pas voorsien.¹⁴⁰

Laasgenoemde twee maatreëls was waarskynlik bedoel om die smokkel in vuurwapens teë te werk.

¹³² Theal : Geschiedenis van Zuid Afrika, p.428.

¹³³ Van Rooyen : Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882, p.189.

¹³⁴ Rhoodie en Venter : Die Apartheidsgedagte, p.95.

¹³⁵ Breytenbach en Joubert (reds.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek V, p.423.

¹³⁶ Breytenbach en Pretorius (reds.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, DEEL I, p. 50.

¹³⁷ Rhoodie en Venter : Die Apartheidsgedagte, p. 96.

¹³⁸ Jeppe en Kotzé : De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, p. 96.

¹³⁹ Ibid., p. 97.

¹⁴⁰ J.Malan : Die werksaamhede van die amptenare belas met die administrasie van naturellesake in die Zuid-Afrikaanse Republiek tot 1877, p.86.

Swartes het in Natal en later, na die ontdekking van diamante in 1867, op die diamantvelde gaan werk vir vuurwapens en dit dan na Transvaal gesmokkel.¹⁴¹ Swartes wat oortree het, kon beboet word. Indien hulle nie die boete van vyf tot vyf-en-twintg pond kon betaal nie, sou hulle te minste een jaar gevangenisstraf met harde-arbeid opgelê word.¹⁴²

Die paswette het wel die Swartes se onbeteuelde vryheid om binnelands rond te swerwe aansielik ingekort maar dit het hulle nie daarvan weerhou om Transvaal te verlaat en terug te keer wanneer hulle wou nie. Daarvoor het die Regering nie oor voldoende amptenare beskik nie.

3). Verbod op die besit van vuurwapens en perde

Die Blankes se vermoë om die Swartes te onderwerp en in bedwang te hou, was nie aan die paswette te danke nie, maar grotendeels aan die besit van vuurwapens en perde. Hoewel die Swartes die Blankes in getalle ver oortref het, was die Blankes se wapens meer doeltreffend as die assegaai en knopkierie waaroor die Swartes beskik het. Reeds na hulle eerste botsings met en neerlae teen die Blankes, het die Swartes die minderwaardigheid en ondoeltreffendheid van hulle eie wapens besef, en daarom pogings aangewend om ook vuurwapens en ammunisie in die hande te kry. Daardeer sou hulle die Blankes op gelyke voet kon ontmoet.

Die Blankes het geglo dat vuurwapens in die hande van die Swartes tot "bloedstorting en vernieling van menschelyk wezens" kon lei¹⁴³ en het alles in hulle vermoë gedoen om te verhoed dat Swartes wel vuurwapens en ammunisie bekom. Pres. Pretorius het op 24 Maart 1858 'n proklamasie uitgevaardig wat handel in vuurwapens, ammunisie en perde met Swartes, op nuut verbied. Sulke oortreders (handelaars) sou met 500 pond beboet word.¹⁴⁴

Ofskoon die Blankes hulle bes gedoen het om smokkelhandel in vuurwapens en ammunisie te bekamp, het groot getalle Swartes tog daarin geslaag om vuurwapens in die hande te kry.¹⁴⁵

Spekulante en handelaars het by die Swartes 'n goeie afsetgebied vir hulle artikels gesien en selfs die enorme boetes, hierbo aangetoon, het hulle nie afgeskrik nie.¹⁴⁶ Buitendien het honderde

¹⁴¹ Otto : Sekoekoeni en die handel in vuurwapens (Historiese Studies, Jaargang 5, nr, 3, Sept. 1944, pp. 163-164.

¹⁴² Breytenbach (red.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, DEEL VI, 1866-67, p. 42.

¹⁴³ Breytenbach en Pretorius (reds.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek I, p. 40.

144 Jeppe en Kotzé : De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, p. 74.

145 Otto : Sekoekoeni en die handel in vuurwapens, p.161.

146 Van der Walt : Die segregasiebeleid in wese en in werking, p.122.

Swartes jaarliks na Natal of elders gegaan om vir kontant of gewere te gaan werk. Die wat vir kontant gewerk het, het daarmee gewere en ammunisie in Delagoabaai gaan koop.¹⁴⁷ Teen 1851 was vuurwapens reeds so wyd verspreid, dat Andries Pretorius op 30 April 1851 by die Volksraad aanbeveel het dat alle vuurwapens in die besit van Swartes, van Setšhele in Wes-Transvaal tot by Sekwati in Oos-Transvaal, opgeëis moes word.¹⁴⁸ "n Week later, op 8 Mei 1851, het die Volksraad uit Lydenburg 'n beroep op Andries Pretorius gedoen om toe te sien dat die vuurwapens van die Swartes afgeneem word.¹⁴⁹

Die voorsorgmaatreëls teen smokkelhandel in vuurwapens en ammunisie was nie heeltemal geslaagd nie, met die gevolg dat die Tansvaalse regering maatreëls getref het om die vuurwapens wat reeds in besit van Swartes was, te konfiskeer. Op 12 Junie 1864 is al die veldkornette deur middel van 'n goewermentskennisgewing opgedra om toe te sien dat Swartes nie met gewere rondloop nie. Wanneer dit wel gebeur het, moes die gewere afgeneem word.¹⁵⁰ Weens 'n tekort aan amptenare en polisie en as gevolg van die uitgestrektheid van die land, kon gewere slegs op beperkte skaal gekonfiskeer word.¹⁵¹ Die Swartes wat lank daarvoor gewerk of duur daarvoor betaal het, het die konfiskering daarvan nie gelate aanvaar nie. Hulle was gevolglik al meer en meer geneig om "tegen elke bemoeiing met zijn handelingen weerstand te bieden". Moeilikhede wat daaruit voortgespruit het, het die verhoudinge tussen Blank en Swart nog meer gespanne gemaak.¹⁵² Die Regering het weliswaar nie heeltemal daarin geslaag om die smokkelhandel in vuurwapens te bekamp of om vuurwapens van die Swartes af te neem nie, maar die bestaande maatreëls het tog 'n doel gedien. Dit het verhoed dat elke Swarte openlik met 'n vuurwapen rondloop en 'n nog groter gevaar vir die Blankes word.

147 Landdroste Argief Wakkerstroom Band 40, brief nr, 60.

148 Breytenbach (red.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, DEEL II, 1851-1853, p. 214.

149 Ibid., p.251.

150 Theal : Geschiedenis van Zuid-Afrika, p. 432.

151 S.S. 57 Staatsekretaris Inkomende Stukke R466/64, p. 145.

152 S.S. 132 Staatsekretaris Inkomende Stukke R388/71, p. 373.

HOOFSTUK 9

DIE Z. A. R. SE ONVERMOË OM SY BELEID RAKENDE DIE SWARTES EFFEKTIEF TOE PAS Saam met al bogenoemde faktore het die verdeeldheid onder die Blankes, veral tydens die periode 1860 tot 1864, maar ook daarna, die ontwikkeling en toepassing van 'n vaste beleid ten opsigte van die Swartes teëgewerk. Die onderlinge geskille het tot gevolg gehad dat regeringsbesluite in verband met hulle, nie deurgevoer kon word nie. Regulasies en wette rakende die Swartes soos die verbod op die besit van gewere en perde asook die beleid rakende belastings wat Swartes moes betaal, is nie stelselmatig toegepas nie. Daarvoor was die land te groot en die sentrale regering te ondoeltreffend.¹⁵³

Die regering het nie oor voldoende geskikte amptenare beskik om die administrasie van die Swart stamme te behartig nie. Die enigste persoon wat enigins in die administrasie van die Swartes geskool was, was die militêre bevelvoerder, naamlik die Kommandant-generaal. In die sestigerjare was hy, bygestaan deur sy kommandante en veldkornette, baie bedrywig met aangeleenthede rakende die Swartes, maar meer in 'n militêre sin. Waar dit om die veiligheid van die gemeenskap gegaan het, het die krygsmag (kommando's) gewoonlik opgetree; in ander gevalle was die landdros van elke distrik die verantwoordelike amptenaar.¹⁵⁴

Die afwesigheid van amptenare wat spesifiek vir die administrasie van die Swartes verantwoordelik was en onkunde oor die wetgewing rakende hulle, het groot verwarring en struweling tussen die amptenare aan die een kant en die militêre offisiere aan die anderkant laat ontstaan. Die twee groepe het die wette verskillend geïnterpreteer en toegepas.

In 'n poging om 'n oplossing vir al die verwarring en onsekerheid te vind, het die Volksraad op 7 September 1871 besluit om 'n kommissie aan te stel om die hele aangeleentheid te ondersoek. Byna al die verklarings wat voor die kommissie afgelê is, het daarop gedui dat die tweeledige uitleg van die wette rakende die Swartes, die vernaamste rede vir ongehoorsaamheid onder die Swartes was.¹⁵⁵

153 M.S. Geen : Suid-Afrika in wording, pp.132-133. Kyk ook Brookes : Native policy in South Africa, p.122.

154 C. F. Nieuwoudt : Die ontstaan en ontwikkeling van die uitvoerende gesag in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p.115.

155 E.V.R. 214 Argief van die Sekretaris van die E.V. R. van die Z.A.R., Inkomende Stukke, p.322.

Die kommissie het aanbeveel dat die Regering vir elke distrik 'n amptenaar moes aanstel, wat hom uitsluitlik met "Kafferzaken" besig sou hou.¹⁵⁶ Weens 'n gebrek aan fondse kon die Regering egter nie hieraan voldoen nie en het die toestand veranderd gebly.

In 'n groot mate was die Z.A.R. se

beleid rakende die Swartes bloot 'n beleid op papier.¹⁵⁷

Die Swart stamme van die Z.A.R., was oor 'n groot gebied langs "oop" grense versprei. Wanneer hulle die Blankes gelyktydig op verskeie punte bedreig het, soos wat wel gebeur het, was die burgers van een gebied onwillig om in 'n ander deel van die Z. A.R. te gaan help, uit vrees vir 'n aanval op hulle families tydens hulle afwesigheid.¹⁵⁸

Nog 'n probleem waarvoor die Regering te staan gekom het, was die gebrek aan fondse in die staatskas. Kontantgeld was uit die staanspoor skaars in Transvaal. Sonder voldoende fondse, was dit moeilik om 'n sterk regering daar te stel wat in staat sou wees om opstandige Swartes in toom te hou. Die beskikbare fondse is verder uitgeput deurdat kommando's dikwels teen opstandige Swartes uitgestuur moes word. By gebrek aan geld, kon selfs noodsaaklike benodighede soos vuurwapens en ammunisie nie aangekoop word nie.

Met 'n swak regering kon die Z.A.R. dus slegs beperkte beheer oor die groot getalle Swartes uitgeoefen. Na skatting was daar teen 1866 sowat 25,000 Blankes teenoor sowat 250,000 Swartes in Transvaal.¹⁵⁹ E.H. Brookes som die toestand goed op: "It (die Z.A.R.) could not undertake to rule, with any real control, large masses of Bantu. It was much if it could prevent them from attacking the European populatin and safeguard the territories of the State".¹⁶⁰

Vir die krygsmag het die Transvaalse regering van die ou kommandostelsel, wat reeds aan die Kaapse oosgrens beproef is, gebruik gemaak. Dié het bestaan uit alle weerbare Blanke mans tussen die ouderdom van 16 tot 60 jaar.¹⁶¹ Wanneer burgers op kommando moes gaan, moes hulle hul families en eiendom onbeskermd agterlaat. Vrees vir aanvalle deur Swartes tydens hulle afwesigheid, het die burgers onwillig gemaak om in ander distrikte kommandodiens te gaan verrig.¹⁶² Die doeltreffendheid van die krygsmag is nog verder ingekort deur die uitgestrektheid van

156 E.V.R. 214 Argief van die sekretaris van die E.V. R. Inkomende Stukke, p. 525.

157 Delius: The Pedi Polity, p. 90.

158 S.S. 68 Staatsekretaris Inkomende Stukke R767/ 65, p.134.

159 De Zuid-Afrikaan, 14.6.1866 (Transvaal of de Zuid-Afrikaansche Republiek).

160 E.H. Brookes : Native policy in South Africa, p121.

161 L9 Argief van die Republiek Lydenburg, 1856-1860, Inkomende Stukke, p.26.

162 J.D. Huyser : Die Naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.254.

die land se grense. Die Regering kon nie gelyktydig op alle plekke sy mag laat geld nie. In oorlogstyd kon slegs op een gedeelte van die grens gekonsentreer word.¹⁶³ Wanneer onluste onder die Swartes gelyktydig op verskeie fronte uitgebreek het, soos dit in 1865 langs die suidoostelike, oostelike en noordelike grens die geval was, was die Regering grootliks magteloos.

Die nadele wat uit die finansiële toestand voortgevloei het, was legio. Die gebrek aan fondse het byvoorbeeld tot 'n gebrekkige landsadministrasie gelei. As gevolg van swak salarisse is persone aangestel in poste waarvoor hulle nie die nodige kwalifikasies, opleiding en ondervinding gehad het nie.¹⁶⁴ Swak besoldiging het ook verhoed dat bevoegde amptenare van elders gelok kon word.¹⁶⁵ Vanaf 1864 is heelwat poste wel deur opgeleide buitestaanders gevul¹⁶⁶-- meestal deur Hollanders—maar omdat sulke amptenare nie altyd die plaaslike omstandighede geken of verstaan het nie, was hulle aanstellings ook nie altyd geslaagd nie.

Die Swartes het die onenigheid tussen die Blankes in Transvaal, waarna vroeër verwys is, tot hulle eie voordeel uitgebuit. Gedurende die burgertwiste is die Regering se aandag van die grense afgelei waardeur die Swartes kans gekry het om hulleself te versterk. Gedurende die periode 1860 tot 1864 is geen of min gesag oor hulle uitgeoefen, met die gevolg dat hulle prakties gesproke onafhanklik geword het, veral in die bergagtige dele van Noord-en Oos-Transvaal. Hulle het gemaak soos hulle wou en sou nie sonder weerstand weer onderwerp kon word nie.¹⁶⁷ In 1864 het J.M.de Beer, die "Diplomatiese agent", uit Lydenburg aan M.W. Pretorius geskryf dat die burgertwiste, veral tydens sy afwesigheid uit Transvaal, veroorsaak het dat "de naam van die Afrikaansche natie verloren is en daarmee ook de vreesse voor hetzelve by de Naturellen".¹⁶⁸ Die uitvloeisel hiervan was dat die jare 1865 tot 1868 altyd in die geskiedenis van die Z.A.R. bekend sal wees as 'n tydperk van stryd teen die Swart stamme wat hom van alle kante bedreig het.¹⁶⁹

163 Breytenbach en Joubert (reds.) : Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek V, p.106.

164 E.H. Brookes : The history of Native policy in South Africa from 1830 to the present day, p.121.

165 McGill : A history of the Transvaal, p.414.

166 Ibid. kyk ook Natal Mercury 23.4.1868 (Redaksioneel).

167 Theal : The Republics and Native Territories, p.143.

168 S.S.58 Staatsekretaris Inkomende Stukke R672/64, p.265.

169 Van Jaarsveld : Transvaal en die Tweede Basoeto-oorlog (Historia, vol.1, nr. 1, Junie 1956, p.52).

SAMEVATTING

Die Trekkers wat hulle noord van die Vaalrivier gevestig het, het hulle staat ingerig op grond wat deels deur verowering (van die Ndebeles van Mzilikazi) verkry is.

Die res van die grond is op wettige wyse van die vroeëre eienaars, naamlik die stamme (soos die Swazi's), wat daar gewoon het, gekoop of geruil.

Die Boere, soos daar algemeen na hulle verwys is, het nie die inheemse bevolking uitgedelg nie; selfs nie toe hulle die geleentheid daartoe gehad het nie. Nadat hulle die twee magtigste opperhoofde, naamlik Dingane en Mzilikazi, verslaan en selfs verdryf het, kon hulle dieselfde aan die swakker stamme gedoen het. Die Blankes het egter gedurende die aanvangsjare eerder 'n gedraglyne van vrede en goeie verstandhouding met die Swart stamme gevolg. Vredes- en vriendskapsverdrae is met veskeie opperhoofde en kapteins gesluit.

Die Blankes se gesindheid teenoor die Swart stamme is grootliks deur hulle houding bepaal. Teenoor vredeliewende stamme was die Blankes vriendelik maar teenoor vyandige en aggressiewe stamme, is aanvallend opgetree omdat die Blankes nie kon toelaat dat sulke stamme hulle verdring of die oorhand oor hulle kry nie. Ferm optrede was vir die Blankes noodsaaklik, omdat dit om hulle veiligheid en voortbestaan gegaan het.

Nadat Mzilikazi verslaan en verdryf is, het die veswakte stamme uit hulle skuilplekke in die Kalahari-woestyn in die weste en die berge van Oos- en Noord-Transvaal, geleidelik na hulle vroeëre woongebiede teruggekeer, maar toe onder die Transvaalse regering se gesag. Dat die Swart stamme die nuwe situasie aanvanklik aanvaar en selfs verwelkom het, staan vas. Dat daar mettertyd verzet en opstand was, ook.

Die stamme wat dit vanaf die vroeë vyftigerjare gewaag het om aggressief en opstandig teenoor die Blankes te word, is redelik maklik tot "gehoorsaamheid" gebring omdat hulle na die Ndebele-era swak was. Die Transvaalse regering het dus aanvanklik min probleme met die Swartes ondervind. Die tydperk van rus en vrede was egter van korte duur. Die keerpunt het gekom toe M.W. Pretorius in 1860 as president bedank en Transvaal vir vier jaar verlaat het. Dit het die Z.A.R. in volkstwiste, ekonomiese agteruitgang en administratiewe wanorde laat verval.

Gedurende dié tydperk, is die Regering se aandag van die grense afgelei en kon die Swart stamme so te sê doen wat hulle wou omdat strafekspedisies toe moeilik teen hulle uitgestuur kon word. Die afwesigheid van 'n sterk sentrale gesag, het aan die vroeëre verswakte stamme, wie se getalle intussen deur natuurlike aanwas snel gegroei het, die geleentheid gebied om vuurwapens te versamel, oproer te veroorsaak en hulle as onafhanklike hoofde voor te doen. Hulle sou nie weer sonder weerstand onderwerp word nie.

Met Pretorius se terugkeer na Transvaal in 1864, het hy ondervind dat die herstel van die Blankes se gesag oor die Swart stamme makliker gesê as gedaan was. Talryke administratiewe en ander probleme het hom en sy regering in die gesig gestaar. Die Transvalers was nooit 'n hegte eenheid voor 1860 nie, maar was daarna nog verder verdeeld. As gevolg van dié verdeeldheid, kon die Blankes nie altyd suksesvol teen opstandige stamme optree nie. Nog 'n probleem waarvoor die Regering te staan gekom het, was die gebrek aan fondse. Sonder voldoende fondse, was dit moeilik om 'n sterk regering en landsadministrasie daar te stel wat in staat sou wees om die groot aantalle stamme, oral in en om Transvaal, in toom te hou.

Die tekort aan fondse het ook die kommandostelsel wat in Transvaal gebruik is, in 'n groot mate oneffektief gemaak. Daar was selfs nie voldoende fondse om wapens en ammunisie mee te koop nie. Kommando's wat wel uitgestuur is, het dikwels weens beperkte getalle en onvoldoende krygstuig misluk, met die gevolg dat die Swartes hulle ontsag vir die Blankes grootliks verloor het. Hoe kon dit ook anders. Daar is gedurig dreigemente teen hulle gemaak wat selde uitgevoer is. Die doeltreffendheid van die krygsmag is nog verder ingekort deur die uitgestrektheid van die land se "grense" wat boonop ook nie duidelik afgebaken was nie. Weens die beperkte krygsmag, kon die Blankes nie gelyktydig op alle plekke hulle gesag laat geld nie. Wanneer onluste onder die Swartes op verskeie fronte uitbreek het, soos dit in 1865 langs die suidoostelike, oostelike en noordelike grense van die Z.A.R. die geval was, moes die Blankes in die onderskeie distrikte hulleself teen die Swartes beveilig. Dit het hulle meestal gedoen deur in laers saam te trek wanneer die gevaar te groot geword het.

Ten einde die Blankes teen oorstroming of selfs uitwissing deur die Swartes te beskerm, was die Regering genoodsaak om sekere maatreëls te tref, soos die passtelsel en die verbod op die besit van vuurwapens. Sulke wette kon egter nie doeltreffend toegepas word nie. Daarvoor was die land te groot en die regering te ondoeltreffend. Ofskoon die regering hulle bes gedoen het om smokkelhandel in vuurwapens en ammunisie te bekamp, het groot getalle Swartes tog daarin geslaag om dit in die hande te kry, danksy Engelse sendelinge, smouse en reisigers. Met vuurwapens in hulle besit, het die Swartes hulle ontsag vir die Blankes verloor en al hoe meer opstandig geraak.

Wanneer daar na die houding en optrede van die Swart stamme in bogenoemde gebiede gekyk word, wek dit die indruk dat die Transvaalse regering se gesag oor hulle gedurende die sestigerjare maar bra oppervlakkig was. Die Swart stamme was egter nie in staat om dié situasie ten volle te benut nie. Dat die Blankes staande gebly het, is daaraan, maar ook aan M.W. Pretorius – bygestaan deur Paul Kruger- se leierskap en werksywer toe te skryf.

Telkens wanneer daar probleme ontstaan het, hetsy langs die Zoeloegrens of by Zoutpansberg, het die President aandag daaraan gegee. As hoof uitvoerende amptenaar moes hy dikwels oor lang afstande reis en dit onder die moeilikste denkbare omstandighede.

Toe Pretorius in 1871 as president bedank het, was die gevaar wat die Swart stamme vir die Blankes ingehou het, grootliks afgeweer, nie soseer deur die Regering se toedoen nie maar eerder as gevolg van die Swartes se onvermoë om gekoördineerd die penarie waarin die Blankes hulle bevind het, tot hulle eie voordeel te benut.

Met die skryf van geskiedenis, behoort daar nie oor die moontlike langtermyn invloed of gevolge van 'n gebeurtenis, in die geval die Groot Trek, gespekeer te word nie. Dat die Groot Trek, op die kort termyn, 'n negatiewe en positiewe uitwerking op die Swart stamme in die noorde gehad het, staan vas. Vir die dominerende stamme, soos die Zoeloes en Ndebeles, was dit negatief. Vir die kleiner en verswakte stamme, was dit positief, al was dit net op die kort termyn. Dit is 'n ope vraag wat hulle lot op die langer termyn sou gewees het, as die Groot Trek nie plaasgevind het nie en hulle onbepaald as vlugteling vir die Ndebeles van Mzilikazi, in hulle skuilplekke moes voortleef?

BRONNE

I. ARGIVALE BRONNE

A. Ongepublseerd

Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria

a) Argief van die Staatsekretaris van die Z.A.R., Afdeling Binnelandse Sake (S.S.).

Inkomende Stukke, Januarie 1854- November 1871.

b) Argief van die Sekretaris van die Eerste Volksraad van die Z.A.R., 1838-1900 (E.V.R.)

1. E.V.R. 207-215 : Inkomende Stukke, 24.3.1868 - 1.12.1871.

c) Argief van die Republiek Lydenburg, 1856-1860 (L)

1. L1 – Notules, Besluite en Wette

2. L5 – Notules, Besluite en Wette

3. L15 – Uitgaande Stukke

d) Landdros Argief Wakkerstroom

1. Band 40 - - Briewekopiëboek, 1868-1870

e) Aanwinste

1. A3 Soutter-versameling

2. A13 Lauts-versameling

Band 12-14 Suid-Afrikaanse koerante, dokumente nrs. 1645-1652

3. A787 G.S. Preller-versameling

Band 157 – Historiese Inligtingsleër nommer 40. Pretorius, M.W., 1854-1860.

4. A1008 M.W. Pretorius - aanwinst

1 Band – 'n Anonieme waardering van Pretorius se aandeel in die wordingsgeskiedenis van die Afrikanervolk.

f) Gedrukte Groenboeke

Z.A.R. 164 – Suid-Afrikaanse Republiek. Transvaalse Deputasie 1883-1884.

Korrespondensie, ens., 1884.

B. Gepubliseerd

1. Breytenbach, J.H. en

H. S. Pretorius (reds.) : Notule van die Volksraad van die S.A.R. (volledig met alle bylae daarby) Deel I, 1844-1850, Kaapstad, (g.d.).

2. Breytenbach, J.H. : Notule van die Volksraad van die S.A.R. (volledig met alle bylae daarby) Deel II, 1851-1853. Kaapstad, (g.d.).

3. Breytenbach, J.H. : Notule van die Volksraad van die S.A.R. (volledig met alle bylae daarby) Deel III, 1854-1858. Parow, (g.d.).

4. Breytenbach, J.H. : en

H.C. Joubert (reds.) : Notule van die Volksraad van die S.A.R. (volledig met alle bylae daarby) Deel V, 1864-1866. Parow (g.d.).

5. Jeppe, F. en J.G.Kotzé : De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885. Pretoria, 1887.

6. Krynauw, D.W. en

H.S. Pretorius(reds) : Transvaalse Argiefstukke, Staatsekretaris, Inkomende Stukke, 1850- 1853, Pretoria, 1949.

7. Pretorius, H.S. en

D. W. Krüger : Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849. Pretoria, 1937.

II. REGERINGSPUBLIKASIES

Unie van Suid-Afrika : Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, DEEL I, boekdeel 1. Pretoria, 1950.

III. PERIODIEKE PUBLIKASIES

a) Koerante

De Tijd, Oktober 1862 - Desember 1871.

De Zuid-Afrikaan, Januarie 1864 - Desember 1871.

The Natal Mercury, Januarie 1864 - Desember 1871.

b) Jaarboeke

Van Schoor, M.C.E. : 'n Historiese oorsig van die ontstaan van die Bantoegebiede in Suid-Afrika (Triomf, Jaarboek van die S.A. Buro vir Rasse aangeleenthede nr.3. Pretoria,1967).

IV. TYDSKRIFARTIKELS

1. Lamb, D.: The Republican Presidents 3, President M.W. Pretorius (Lantern, vol,21, nr. 1, September 1971).

2. Lye, W.F. : The Ndebele Kingdom south of the Limpopo River (Journal of African History X, I, 1969).

3. Otto, J.C. : Sekoekoeni en die handel in vuurwapens (Historiese Studies, Jaargang 5, nr.3, September 1944).

4. Posselt, F.W.T. : Mzilikazi. The rise of the Amandebele (Proceedings of the Rhodesia Scientific Association, vol. XVIII, part I).

5. Robertson, H. M. : Hundred and fifty years of economic contact between Black and White II (The S. A. Journal of Economics, vol. 3, no.1, March, 1935).

6. Van Jaarsveld, F. A. : Die Transvaalse Presidentsverkieping van 1871- 1872 (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Nuwe reeks, DEEL XVII (1), eerste aflewering April 1957).

7. Van Jaarsveld, F.A. : Transvaal en die Tweede Basoeto-oorlog (Historia, vol. I, nr.1, Jun. 8. 1956, en vol. I, nr. 2, Okt. 1956).

9. Van Rooyen, T.S. : The Bantu and European occupation of Southern Africa (Mankind Quarterly, vol. IV, nr.1, Julie – September 1963).

V. BOEKE

1. Bredell, H.C.en

P. Grobler : Gedenkschriften van Paul Kruger. Pretoria, 1947.

2. Brookes, E.H. : The history of Native policy in South Africa from 1830 to the present day. Tweede hersiene uitgawe, Pretoria, 1927.

3. Davenport, T.R.H. : South Africa A Modern History. Tweede druk. Johannesburg (ens.), 1978.

4. Geen, M.S. : Suid-Afrika in wording. Kaapstad, 1960.

5. Hofmeyr, S. : Die Boere-republieke en die volkereg. Utrecht, 1933.

6. Landmann, M. : Filosofiese Antropologie. Utrecht, 1966.

7. Leyds, W.J. : Het insluiten van de Boeren-Republieken. Twee dele. Amsterdam, 1911-1914.

8. Malan, J.H. : The Zulus and Boers of South Africa. Staatsbiblioteek, herdruk nr.36, Pretoria, 1968.

9. Nieuwoudt, C. F. : Die ontstaan en ontwikkeling van die uitvoerende gesag in die Zuid - Afrikaansche Republiek. Kaapstad, 1964.

10. Omer-Cooper, J.D. : The Zulu Aftermath A nineteenth century revolution in Bantu Africa. Londen, 1966.

11. Potgieter, F.J. : Die vestiging van die Blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing. (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1958, DEELII).

12. Rhoodie, N.J. en

H.J.Venter : Die Apartheidsgedagte – 'n Sosio-historiese uiteensetting van sy ontstaan en ontwikkeling. Kaapstad (ens.), (g.d.).

13. Schapera, I. (red.) : David Livingstone South African Papers 1849-1852 (Van Riebeeck Vereniging, Tweede reeks, nr. 5).

14. Theal, G.M. : History of South Africa. The Republics and Native Territories from 13. 1854 to 1872. Londen, 1889.

15. Theal, G.M. : Geschiedenis van Zuid Afrika. Vierde uitgawe, Kaapstad (ens.), 1910.

16. Troup, F. : South Africa : an historical introduction. Londen, 1972.

17. Van Biljon, P. : Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika; 'n historiese ontwikkeling van grensbeleid en beleid van grondtoekenning aan die Naturel in Suid-Afrika. Kaapstad (ens.), 1947.

18. Van Jaarsveld, F.A.: Vaalrivier omstrede grenslyn. R.G.N. Publikasie nr. 42, Johannesburg, 1974.

19. Van Jaarsveld, F.A.: Van Van Riebeeck tot Verwoerd. Johannesburg, 1971.

20. Van Oordt, J.F. : Paul Kruger en de opkomst der Zuid- Afrikaansche Republiek. Amsterdam,1898.

21. Van Rooyen, T.S. : Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882 (Argief-jaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1951, DEEL I).

22. Wangemann, T. : Maléo en Sekoekoeni (Van Riebeeck Vereniging, Kaapstad, 1957).

23. Wilson, M. en

L. Thompson : The Oxford history of South Africa I, South Africa to 1870. Oxford, 1969.

VI. ONGEPUBLISEERDE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE

1. Delius, P.N. St.M.: The Pedi Polity under Sekwati and Sekhukhune, 1828-1880. (Ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Londen, 1980).

2. Du Plessis, T.A. : M.W. Pretorius in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat tot 1864. (Ongepubliseerde D. Phil.- proefskrif, U.P., 1947.

3. Huyser, J.D. : Die Naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde D.Litt. - proefskrif, U.P., 1936).

4. Malan, J. : Die werksaamhede van die amptenare belas met die administrasie van naturellesake in die Zuid-Afrikaanse Republiek tot 1877.

(Ongepubliseerde M.A.- verhandeling, U.P., 1958).

5. McGill, D.C. : A History of the Transvaal, 1853-1864, with a new interpretation of the Transvaal- Zulu war of 1879. (Ongepubliseerde D. Phil. - proefskrif, U.K., 1943).

6. Moolman, J.P.F. : Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860. (Ongepubliseerde M.A. - verhandeling, U.P., 1975).

7. Stals, W.A. : Die kwessie van Naturelle-eiendomsreg op grond in Transvaal, 1838-1884 (Ongepubliseerde M.A. - verhandeling, U.P., 1970).

8. Van der Walt, S.J. : Die segregasiebeleid in wese en in werking gedurende die regime van die S. A. Republiek, 1849-1899. (Ongepubliseerde M.A. - verhandeling, Unisa, 1936).

9. Venter, J.C.M. : M.W. Pretorius as staatspresident van die Oranje-Vrystaat, 1860-1863. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1964).

KAARTE

1. Die Mfecane/ Difaqane (1815-1830) geneem uit T.Cameron (red.) : An Illustrated History of South Africa, p.123.

2. Die Groot Trek (1834-1838) ook in Cameron, p.137.

3. Kaart van Transvaal in 1878 wat die Swart bevolking in elke distrik in vet swart syfers aandui. Direk daaronder word die Blankes (Boere) se getalle weerspieël en in rooi, anderstalige Blankes. Geneem uit A. Preston: Pictorial history of South Africa, p. 63.

Vir die agterblad

Met die skryf van geskiedenis, behoort daar nie oor die lang termyn invloed of gevolge van 'n sekere gebeurtenis, in die geval die Groot Trek, gespekuleer te word nie. Dat die Groot Trek egter op die kort termyn negatiewe en positiewe invloed op die Swart stamme in die noorde gehad het, staan vas. Vir die dominerende en aggressiewe stamme soos die Zoeloes en die Ndebeles (Matabeles), was dit negatief. Hulle was egter self vir hulle nederlae by Bloedrivier (Dingane) en Mosega en Kapain (Mzilikazi), verantwoordelik deurdat hulle eerste aggressief teenoor die Trekkers opgetree het.

Vir die meeste van die ander stamme, veral die in Transvaal, het die Groot Trek 'n positiewe invloed gehad, al was dit net op die kort termyn. Nadat Mzilikazi en sy stam verslaan is en hulle oor die Limpoporivier gevlug het, kon die kleiner en verswakte stamme, onder Blanke beskerming, uit hulle skuilplekke in die Kalahari in die weste en die berge in Noord-en Oos-Transvaal na hulle oorspronklike woongebiede terugkeer, weliswaar onder Blanke beheer.

Onder Blanke beskerming het die bogenoemde stammetjies se getalle snel aangewas. Dit, tesame met die besit van vuurwapens, het talle stamme in Wes, Noord en Oos-Transvaal, opstandig gemaak omdat hulle nie langer onder die Blankes se gesag wou staan nie. Veral gedurende die sestigerjare van die 19 de eeu, het dit 'n stryd van geen geringe omvang ontken. Teen die aggressiewe stamme was die Blankes genoodsaak om aanvallend op te tree. Weens hulle beperkte getalle teenoor die van die hordes Swartes, kon die Blankes nie toelaat dat sulke stamme hulle verdring of die oorhand oor hulle kry nie. Die vraagstuk wat hieruit ontstaan het, was die grootste enkele probleem waarvoor die Blankes te staan gekom het.

Die skrywer was vir 29 jaar as dosent aan die Universiteit van die Noorde (Limpopo) verbonde. Sy M.A. Verhandeling: "Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860", het hy onder Prof. F.A. van Jaarsveld (U.P.) geskryf, en sy Doktorsgraad: "Die Boere se stryd teen die Swart stamme in en om die Z.A.R., 1864-1871", (Unisa), onder Prof. M.C. Van Zyl.